

11 Mei

Die Here se liefde is onverganklik

Skrifgedeelte: Psalm 103 (NAV)

Fokusgedeelte: Psalm 103:14-19

In aansluiting by Psalm 92 sien Dawid die werk van God as Skepper en Onderhouer raak. Daarom begin en eindig hy die lied met lof aan God. Hy geniet die goeie in oorvloed en ontvang die jeugdige krag van die arend. Met verskillende beelde beskryf hy God se werk: barmhartig, lankmoedig, genadig en vol liefde.

Daarteenoor ervaar hy die realiteite van sy aardse bestaan: stof, kortstondig en leeg. Tog maak dit hom nie moedeloos nie. Vers 14-19 beskryf die skille kontras tussen die broosheid van die mens en die ewige liefde en trou van God. Die mens is verganklik, maar God bly ewig bestaan.

Al is die mens se bestaan kortstondig, word dit telkens deur die liefde van God vernuwe. Reeds in vers 1 beleef Dawid dat hy met alles wat *in* hom is, die Here wil loof. Hierdie lof kring al verder uit wanneer hy ook sien hoedat die Here se liefde alles aanraak. Die ganse skepping, die magtige engele en die hemelwesens is in God se diens.

Dawid beleef dat God se liefde onverganklik is. Met die beeld van die woestynwinde wat die veldblom laat verwelk, verwoord hy die mens se ervaringe. Hy erken dat die sorg van elke dag die mens se krag uitput. Soos wat die gras net 'n bepaalde lewensduur het, kom die mens se lewe ook tot 'n einde. Maar soos wat daar weer gras uitspruit en soos wat die veldblomme weer hulle prag vertoon, so bring God se liefde 'n einde aan alles wat kortstondig is. Sy trou bly vir opeenvolgende geslagte. Hierdie woorde beteken dat daar geen einde is aan die goedheid wat die Here bewerk nie. Die Here se troon wat in die hemel gevestig is, staan as bewys dat Hy alles ewig sal onderhou. Daarvoor moet ek die Here selfs in my ouderdom loof!

Sing: Psalm 90:1, 7 (1936-beryming)

Ds. Petrus J van Blerk (Vereeniging-Oos)